

9 Julie

Mattheus 25:1 en 5

Die sigbare kerk wag!

In Matteus 24 en 25 is Jesus besig om sy dissipels aangaande die voleinding van die wêreld en sy wederkoms te onderrig. Daar is een saak wat die opmerksame Bybelleser nie mag ontgaan nie, en dit is die skeiding tussen mense.

Mense wat oënskynlik aan die koninkryk behoort, met ander woorde kerkmense. Ag u weet dit mos, as mense saamkom in die kerkgebou of by 'n troue, is daar uiterlik gesien geen verskil nie.

In die gelykenis van die tien meisies leer ons ook dat al tien hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag. Vers 2 praat egter van 'n verskil want: "*Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig.*" Die mense sien egter geen verskil nie, want al tien wag op die bruidegom en al tien het lampe. Netso wag die sigbare kerk ook op haar hemelse Bruidegom.

Dit gaan hier oor kerkmense, mense wat beweer dat Jesus Christus hulle Verlosser is, - dat hulle in Hom glo, - dat hulle op sy wederkoms wag. Trouens, dit bely die kerk deur die eeue elke Sondag maar weer in die 12 Artikels.

Verstandiges en onverstandiges wag saam op die koms van die bruidegom, ...MAAR... dit duur so lank, ...en dan begin hulle almal vaak word, ...en raak aan die slaap. Tot dusver is almal gelyk, maar die koms van die bruidegom bring die verskil aan die lig.

Om vaak te word en diep te slaap, is nie 'n oortreding nie, maar as die roep in die nag weerklink, om DAN gereed te wees, is belangrik. Benut u die tyd van genade en voorbereiding?

Sing Psalm 45:9,14 en 16

Ds. J. Kits (Carolina)